

Maandag

Efesiërs 5: 21 – 33 Gen. 2: 18, 22 – 23. Teks: Efesiërs 5: 31: “Om hierdie rede sal ’n man sy vader en moeder verlaat – en hulle twee sal een vlees wees.” Tema: ‘God skep in die liefde van ’n man en vrou ’n nuwe gesinseenheid.’ God skep in ’n man en vrou wat hulle self in liefde vir mekaar gee iets nuuts – ’n nuwe gesinseenheid! Dit is wat verklaar word in hierdie sin in Genesis 2 wat Paulus hier direk aanhaal: “Die man sal sy vader en moeder verlaat”, met die klem op die woord “verlaat.” Die Griekse woord “verlaat” het ’n hele paar gebruike soos om ’n erflating na te laat, om iets uit te hou, om een kant te los of selfs om iemand te verwaarloos. In hierdie sin beteken dit om van jou ouers as ouers weg te gaan. Dit beteken in ons teks baie meer as om net vir jou ’n ander blyplek te kry en nie meer saam met hulle te bly nie. In die tyd van die teks in Genesis was dit baie keer só dat jy net jou eie tent gekry het, terwyl jy nog saam met die hele familie van pa en ma, ooms, tannies, neefs en niggies saam gebly het as familie, saam geboer en saam rond getrek het. Die woord “verlaat” kan ook binne ons teksverband nie beteken dat jy hulle nou uitlos om op hulle self aangewese te wees terwyl jy nie meer vir hulle gaan omgee of help nie. “Ouers verlaat” moet ons raaksien in wat God tussen ’n man en vrou vrou laat gebeur wat ’n vrou en ’n man een vlees, een liggaam maak. Wanneer ’n man en vrou hulself vir mekaar in liefde gee om een lewe, een tuiste, een toekoms, een inkomste en liggaam met mekaar te wees, doen God iets as Skepper. Dit sien ons in Engels wat twee woorde gebruik waarvoor daar in Afrikaans net een woord is: this man becomes a husband en this women becomes a wife. Dit is die eenheid van een vlees – net ’n man en vrou kan in en deur mekaar se manlikheid en vroulikheid mekaar husband en wife maak. Deur hierdie vereniging skep God onmiddellik ook ’n nuwe gesinseenheid. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag

Efesiërs 5: 21 – 33 Gen. 2: 18, 22 – 23. Teks Efesiërs 5: 31 “Om hierdie rede sal ’n man sy vader en moeder verlaat – en hulle twee sal een vlees wees.” Tema God skep in die liefde van ’n man en vrou ’n nuwe gesinseenheid. Afrikaans maak ’n onderskeid tussen gesin en familie wat nie in Engels bestaan nie. ’n Gesin is baie nouer, inniger en dieper as ’n familie. God maak man en vrou een vlees, een kind! Dit is die unieke van ’n kind – kinders is 100% die pa en 100% die ma se gene. Een nuwe vlees, liggaam, wat volledig en ten volle die gene van elkeen van van die ouers is, ’n seun of dogter. Die Engels beskryf dit weer nader deur nie net te onderskei tussen ’n boy of girl nie, maar ’n son en ’n daugther. In Afrikaans “julle seun” of “julle dogter!” Die eenheid as man en vrou vir mekaar en in mekaar, is in seuns en dogters een vlees! So in mekaar verenig as husband en wife, is kinders net in hul ouers en niemand anders nie, son en daugther. Dit is die gesinseenheid en verband wat God skep wanneer Hy ’n man en vrou verenig. Hierdie skepping van God – ’n gesin, kan mense nie namaak of behou buite die eenheid van husband en wife nie. Dit verklaar die Here self in Mat. 19 met hierdie woorde: “Daarom wat God saam gevoeg het, moet ’n mens nie skei nie.” (5,6) “God voeg saam” beteken Hy verbind hulle in mekaar as ’n nuwe gesinseenheid. Daarom beteken skei nie sommer maar net twee mense wat saam geleef het, gaan uit mekaar nie. Skei beteken om die gesinseenheid wat die Here gemaak het te breek. Dit wat jy as husband is, word gebreek en is werklik weg, verlore, en dit wat jy as wife is, is regtig weg en verlore – en dit wat die kinders hierdeur verloor is ’n gesin. ’n Gesinseenheid wat nooit weer met iets anders vervang kan word. Hierdie gesinseenheid verbreek só dat hulle nou

nog net familie is, nog steeds pa, ma, 'n seun en 'n dogter is, maar nie meer 'n gesin is nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Efesiërs 5: 21 – 33 Gen. 2: 18, 22 – 23. Teks Efesiërs 5: 31 “Om hierdie rede sal 'n man sy vader en moeder verlaat – en hulle twee sal een vlees wees.” Tema God skep in die liefde van 'n man en vrou 'n nuwe gesinseenheid. Die gesinseenheid wat God skep in 'n man en vrou, wys ons wat beteken die woord “verlaat”. Dit beteken om op te hou om deel van die gesin waarin jy kind was, te wees, en nou 'n man en vrou is met 'n eie, ander en nuwe gesinseenheid. Wie as man en vrou verenig word, sal nooit weer deel van hul ouers se gesin wees nie. Hulle is in 'n eie nuwe gesinseenheid in 'n nuwe uitgebreide familie! Die besondere van hierdie “verlating” van vader en moeders, is dat dit aan die hele familie waarde toevoeg en almal meer maak en verryk! Hierdie gesinseenheid maak dat pa's en ma's, oupas en oumas word, oupas en oumas, oupagrootjies en oumagrootjies word, broers en susters, ooms en tannies word, en kinders neefs en niggies word. Onderling verbind in en deur 'n gesinseenheid as familie. Hierdie gesinseenheid eis dat die verlating van die gesin waarin jy kind was, doelbewus uitgevoer moet word – 'n vrou of man mag nie maak asof hulle net voortgaan met alles wie en wat hulle as kinders in gesinsverband was nie. Hulle moet hiervan afskeid neem en die nuwe amp waarin hulle hulself stel, aanvaar – hier moet hulle 'n eie en nuwe gesinseenheid skep, bou en instandhou! Ouers moet hierdie verlating aanvaar en eerbiedig. Hierdie nuwe gesinseenheid is nie maar net 'n uitbreiding van hulle gesin nie. Wie kinders in hulle gesin was, is verby. Ouers moet hulle eer en respekteer vir hulle eie gesin. Dit, terwyl hulle nog steeds pa en ma, is en altyd sal bly. Want verlaat beteken nie uitlos as pa en ma nie, afskeep as pa en ma of verwaarloos as pa en ma nie, maar om uit hulle gesinseenheid weg te gaan en 'n nuwe gesinseenheid in mekaar as man en vrou te vind en te leef. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Efesiërs 5: 21 – 33 Gen. 2: 18, 22 – 23. Teks Efesiërs 5: 31 “Om hierdie rede sal 'n man sy vader en moeder verlaat – en hulle twee sal een vlees wees.” Tema God skep in die liefde van 'n man en vrou 'n nuwe gesinseenheid. 'n Man en vrou laat die Here een liggaam wees met alles wie en wat hulle in hulle self is! Gelowiges se vereniging met Christus versterk hierdie gesinseenheid. Christus maak ons nie sonder verkeerde neigings en nukke nie, maar laat elkeen in die gesin vir God se liefde heilig, sonder vlek en onberispelik wees, ten spyte van al hul onheilighede, skandes en foute. Christus maak ons nie perfek nie, maar vir sy liefde volkome deur ons in te sluit en te laat deel in wie Hy as mens in die hemel is. Daarom moet gesinslede mekaar nie probeer perfek kry nie, maar mekaar lief hê in die geloof wie Christus ons vir Hom en vir mekaar laat wees: heilig, sonder vlek of rimpel! Ons mag mekaar nooit buite Christus stel, stroop van alles wie ons vir Christus is en mekaar net raak sien vir ons neigings en foute nie. Gesinslede moet aan die man as hoof van 'n gesinseenheid onderdanig wees, soos hulle aan Christus as hoof van die kerk onderdanig is. Die Here regeer sy kerk nie deur die mag van sy wet nie, maar deur die krag van sy liefde. Hy dreig, veroordeel, beskuldig, verwyt en verwerp ons nooit deur sy wet nie. Hy lei ons deur ons as sy kinders te verheerlik in sy barmhartigheid, genade, en lankmoedigheid. Só moet die man as gesinshoof die gesin en gesinseenheid binne die Here se genadeheerskappy lei en bestuur. Hierdie gesag

mag nooit ondermyn, bedreig, geskend, vervaag of ter syde stel word asof gesag en die uitoefening daarvan die vrou en kinders sou onderdruk of bedreig nie. Waar die man soos Christus die Hoof van die gesin is, moet sy manlikheid en krag die vrou en kinders se tuiste wees, net soos die vrou se vroulikheid die tuiste vir die gesin is.

Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

[

Vrydag

Efesiërs 5: 21 – 33 Gen. 2: 18, 22 – 23. Teks Efesiërs 5: 31 “Om hierdie rede sal ’n man sy vader en moeder verlaat – en hulle twee sal een vlees wees.” Tema God skep in die liefde van ’n man en vrou ’n nuwe gesinseenheid. Vir die eise van die nuwe tyd in hierdie land is familie nie meer ’n luukse nie, maar noodsaaklik vir die oorlewing van huwelike en gesinne. Drie geslagte gelede was ons Afrikaanse gemeenskap aangewese familie om ’n bestaan te maak. Nuwe gesinne het plase gekry van ouers of geld om huise en besighede in die stad te vestig. Met ons verstedeliking het ons verryk en ons as gesinne van ons families losgemaak. Ons raak nou weer al meer op mekaar as familie aangewese net om werk te kry, en ’n huis en kos op die tafel te hê. Kinders se toekoms lê nie meer net in gesinne nie, maar in uitgebreide families! Bejaardes se toekoms lê ook al meer in families omdat gemeenskapssorg verval het. Ons moet nou weer ontdek om mekaar as familie in Christus te aanvaar sodat ons vir mekaar ’n krag ten goede kan wees, en ons mekaar nie met ons nukke en neigings uit mekaar dryf nie. Met elke nuwe gesinseenheid word ons families meer uitgebreid. En elkeen wat by die familie bykom, het elkeen een of ander skewe nuk en neiging. Hoe moet die familie mekaar aanvaar? God se genade is altyd verbondsgenade! Die Here het sy verbond nie net met Abraham se gesin gesluit nie, maar met sy familie. Die Here is Here van families! Daarom is die wyse waarop Hy ons sy kinders laat wees, ook die wyse waarop ons familie in Christus moet aanvaar! Hy maak sondaars heilig, sonder smet en rimpel reg vir sy liefde! Met al hul nukke en neigings! As die Here hulle só vir sy liefde reg maak, dan moet ons mekaar ook só aanvaar. Dan vervreem ons ons nie met ons verwyte, vooroordele, beskuldigings en verwerpings as familie van mekaar nie. Kom ons aanvaar mekaar só sodat ons ons familie vir mekaar weer ’n sorgsentrum maak. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus